

ST. ZENO VAN VERONA

12 APRIL

(sterf c.372)



Zeno was uit Afrika afkomstig en word in die jaar 362 biskop van Verona in Italië. Sy liefde vir die armes en behoeftiges en eenvoudige leefwyse, deurdrenk met die liefde van Christus, het baie gedoen om die Evangelie in hierdie gedeelte van Italië te vestig. Hy speel 'n prominente rol in die bekamping van die Ariaanse kettery (wat Jesus se goddelikheid ontken het) en die traktate wat hy geskryf het en behou gebly het gee ons 'n kosbare kyk in die gedagte-wêreld van die Vroeë Kerk. Hy was 'n uitstekende prediker en mense het van ver gekom om na hom te luister. Oor sy graf in Verona is een van die mooiste Romaanse kerke in Italië gebou, wat vroeg reeds 'n belangrike bedevaartsoord geword het.